

LEWENDE ANNUÏTEIT vs LEWENSANNUÏTEIT?

LEWENDE ANNUÏTEIT

'n Lewende Annuïteit is 'n Privaat Pensioen, wat met gelde afkomstig uit 'n Aftreefonds aangekoop kan word.

'n Lewende Annuïteit is 'n markverwante beleggingsproduk, waarvan die onderliggende bates uit aandele, genoteerde eiendom, effekte en kontant bestaan, op die plaaslike mark, sowel as buitelandse markte. Gevolglik sal die fondswaarde (beleggingswaarde) van 'n Lewende Annuïteit opwaarts en afwaarts beweeg, afhangende van wat op die verskillende finansiële markte gebeur. Met tyd (langtermyn) behoort jy 'n sekere opbrengs bo inflasie te kry, afhangende van die beleggingsrisiko wat jy bereid is om te neem. Die Randwisselkoers speel ook 'n rol in jou Lewende Annuïteit se fondswaarde, en so kan jy byvoorbeeld bevoordeel word wanneer die Rand verswak teenoor buitelandse geldeenhede, en jy oorgewig buitelandse blootstelling het.

'n Groot voordeel van Lewende Annuïteite is dat dit jou keuses bied. Jy kan jaarliks bepaal wat jou maandelikse inkomste moet wees vir die volgende 12 maande. Dit doen jy deur jou jaarlikse inkomste as 'n persentasie (%) van jou kapitaal te bepaal. Tans laat SAID jou toe om 'n inkomstevlak van tussen **2.5% en 17.5%** van jou kapitaal per jaar te kies, as 'n jaarlikse inkomste. Elke jaar sal jy die inkomstevlakkeuse kan uitoefen.

Verder kan jy kies hoe jou onderliggende beleggingsportefeulje saamgestel moet word, na gelang van jou bereidwilligheid om beleggingsrisiko te neem. Meer aggressiewe beleggers sal voorkeur gee aan aandeelblootstelling bo vaste rente bates (kontant & effekte). Verder kan jy ook besluit hoeveel van jou belegging blootstelling aan die plaaslike mark moet hê, en hoeveel aan buitelandse markte. Die onderliggende beleggingsportefeulje van Lewende Annuïteite kan aan die eenkant tot 100% blootstelling aan die plaaslike mark hê, en aan die anderkant tot 100% blootstelling aan buitelandse markte. Die meeste beleggers kies egter 'n goeie balans tussen die verskillende bateklasse (aandele, eiendom, effekte, kontant), sowel as die verhouding plaaslike blootstelling teenoor buitelandse blootstelling.

By die afsterwe van die Annuitant (belegger in die Lewende Annuïteit), sal die Annuitant se begunstigdes die volgende keuses kan uitoefen:

1. Laat die volle waarde van die oorledene se Lewende Annuïteit net so oorgedra word na 'n Lewende Annuïteit/Lewensannuïteit in die naam van die begunstigde/s. Die is 'n belastingvrye oordrag.
2. Die begunstigde/s kan besluit om die oorledene se Lewende Annuïteit tot gelde te maak, en die kontant in hulle bankrekening te ontvang. Daar sal/kan egter belastingimplikasies wees.
3. Kombinasie van Opsie 1 en 2 hierbo. Daar mag belastingimplikasies wees.

'n Lewende Annuïteit is 'n bate buite die boedel, en die versekeraar sal dit direk met die begunstigdes hanteer by die Annuitant se afsterwe.

’n Lewende Annuïteit het hoofsaaklik 2 groot risiko’s daaraan verbonde:

1. Markrisiko.

Periodes waar markte onbepaald swak presteer, kan veroorsaak dat die annuïtant meer inkomste uit sy/haar Lewende Annuïteit onttrek, as wat die belegging in opbrengste genereer. Tydens sulke periodes sal die Annuïtant in sy Lewende Annuïteit se kapitaal invreet, om aan hom/haar ’n maandelikse inkomste te kan voorsien. Dit mag dalk moeilik wees om die kapitaal weer terug te maak, wat toekomstige inkomste-onttrekkings onder druk kan sit. Daar is dus ’n risiko dat ’n Annuïtant uit kapitaal uit kan hardloop, voor sy afsterwe.

2. Langlewendheidsrisiko.

Die risiko ontstaan wanneer ’n Annuïtant langer leef as wat hy/sy verwag of aanvanklik beplan het. In so ’n geval kan dit nodig wees om gedurende die latere jare van sy/haar lewe toenemend van die Lewende Annuïteit se kapitaal te gebruik om die gewenste lewenstyl te handhaaf en in sy/haar finansiële behoeftes te voorsien. Daar bestaan gevolglik ’n risiko dat die Annuïtant se kapitaal gedurende sy/haar leeftyd uitgeput kan raak.

Die “Worst-Case Scenario”

Die “Worst-Case Scenario” ontstaan wanneer die risiko’s soos in punte 1 en 2 hierbo beskryf, albei realiseer.

Met Lewende Annuïteite berus die verantwoordelikheid grootliks by die Annuïtant/Belegger om te verseker ’n gepaste en volhoubare inkomste onttrek word, ’n geskikte en goed gediversifiseerde beleggingsportefeulje saamstel word, en dat die kapitaalposisie deurlopend gemonitor word om te verseker dat dit volhoubaar bly.

’n Lewende Annuïteit is daarom veral geskik vir ’n belegger wat ’n realistiese en volhoubare, inkomsteonttrekking, met inagneming van faktore soos ouderdom en geslag, handhaaf, terwyl die onderliggende beleggingsportefeulje voldoende gediversifiseer is en toepaslike blootstelling aan groeibates het. Dit kan die potensiaal bied om oor die lang termyn voldoende opbrengste te genereer om in die belegger se inkomste-behoeftes te voorsien, terwyl daar terselfdertyd die moontlikheid bestaan dat die kapitaal kan groei.

Dit is egter van kardinale belang dat die Lewende Annuïteit se kapitaalbasis so sterk as moontlik behoue bly, veral met die oog op die afsterwe van die Annuïtant. ’n Gesonde kapitaalposisie kan verseker dat die langsewende gade steeds oor voldoende finansiële ondersteuning beskik om in sy/haar behoeftes te voorsien.

Verduideliking van die Inkomstevlak wat gekies kan word:

Verwys na die onderstaande tabel, finansiële beplanners gebruik die tabel as 'n aanduiding vir watter inkomstevlakke volhoubaar is vir man en vroue, teen verskillende ouderdomsintervalle:

OUDERDOM	MAN	VROU
55	4.0%	3.5%
60	4.4%	3.8%
65	4.9%	4.2%
70	5.6%	4.7%
75	6.3%	5.2%
80	7.3%	5.8%
85	8.7%	7.0%

LEWENSANNUÏTEITE (LYFRENTES)

'n Lewensannuïteit of lyfrente is in baie opsigte die teenoorgestelde van 'n Lewende Annuïteit.

Met 'n Lewensannuïteit dra die Annuïtant bitter min risiko, en word die risiko hoofsaaklik oorgedra na die Versekeraar.

Die Annuïtant doen dus afstand van sy/haar aftreegelde (kapitaal) na die Versekeraar toe, inruil vir die gemoedsrus dat die Versekeraar lewenslank vir hom/haar 'n pensioen sal betaal.

Lewensannuïteite is eintlik baie eenvoudige produkte, en die pensioen waarvoor jy kwalifiseer word bepaal volgens jou geslag, ouderdom en die heersende koerse op (hoofsaaklik) staatseffekte.

Die tipes Lewensannuïteite beskikbaar:

1. 'n Enkellewe Lyfrente.

Die tipe Lewensannuïteite sal net vir een versekerde lewe (Annuïtant) 'n inkomste betaal. By die afsterwe van die Annuïtant sal die maandelikse inkomste (pensioen) staak. Die tipe Lewensannuïteite is geskik vir enkelopende persone, of persone wat nie iemand het wat finansieel afhanklik van hom/haar is nie, met ander woorde die gade/kinders is selfvoorsienend en onafhanklik.

2. 'n Dubbellewe Lyfrente.

Die tipe Lewensannuïteite maak voorsiening vir twee versekerde lewens, gewoonlik gades. Die maandelikse inkomste (pensioen) sal betaal tot wanneer die laaste van die twee gades tot sterwe kom, en dan sal die inkomstebetaling staak. Dit is ideaal vir waar 'n Annuïtant wil verseker, dat sy finansieel afhanklike gade versorg sal wees, indien die Annuïtant die eersterwende is.

3. 'n Inkomste met Kapitaalbehoud Lyfrente.

Hierdie tipe Lewensannuïteit is inherent 'n Enkellewe Lyfrente, wat gekombineer word met 'n lewenspolis, wat die versekeraar op die Annuïtant se lewe uitneem.

Die Lewensannuïteit sal dus 'n maandelikse inkomste (pensioen) aan die Annuïtant betaal tot sy/haar afsterwe toe, waarna die maandelikse inkomstebetaling (pensioen) sal staak.

'n Kapitaalbedrag (gelyk aan die aanvanklike beleggingsbedrag, of enige bedrag minder) sal egter by afsterwe aan die Annuïtant se begunstigde/s uitbetaal, om daarmee te handel na hulle goeddunke.

Die tipe Lewensannuïteite is geskik vir Annuïtante wat wil voorsiening maak vir 'n langlewende gade en/of vir kinders/kleinkinders 'n nalatenskap wil agterlaat.

Met elkeen van bogenoemde Lewensannuïteite is daar keuses wat uitgeoefen kan word, om te verseker die Lewensannuïteit wat jy uitneem voldoen so na as moontlik aan jou behoeftes en doelwitte.

❖ Opsies beskikbaar vir Lyfrente

Elkeen van die Lyfrentes wat hierbo beskryf is, kan verder aangepas word om beter by jou persoonlike finansiële doelwitte te pas deur uit die volgende opsies te kies:

- Jaarlikse verhoging van jou pensioeninkomste:

Die opsie kan nie later verander word nie.



- Op enkelewe lyfrentes en dubbellewe lyfrentes kan die Annuïtant kies om ook 'n Gewaarborgde Termyn op sy lyfrente te sit.

'n Gewaarborgde termyn is die minimum periode wat die maandelikse inkomste (pensioen) sal betaal, ingeval van die vroeë afsterwe van die versekerde lewe/ns. Die keuses wat die Annuïtant het is 0 jaar, 5 jaar, 10 jaar, 15 jaar, 20 jaar, 25 jaar en 30 jaar.

Voorbeeld:

Indien die Annuïtant 'n **10 jaar waarborgtermyn** kies, sal die maandelikse inkomste (pensioen) vir die duur van die waarborgtermyn betaalbaar wees, selfs indien die Annuïtant gedurende hierdie tydperk sterf. In so 'n geval sal die maandelikse inkomste aan die genomineerde begunstigdes betaal word vir die oorblywende tydperk van die waarborgtermyn.

Die pensioen sal dus betaalbaar wees solank as wat die Annuïtant en sy/haar gade leef, ongeag hoe lank hulle leef. Indien beide die Annuïtant en sy/haar gade egter voor die verstryking van die waarborgtermyn sterf, sal die maandelikse inkomste steeds aan die genomineerde begunstigdes/kinders betaal word totdat die waarborgtermyn verstryk. Indien die Annuïtant en sy/haar gade ná die verstryking van die waarborgtermyn sterf, sal die maandelikse inkomste by afsterwe staak.

Die opsie kan nie later verander word nie.

- By **dubbellewe-lyfrentes** kan die Annuïtant kies dat die maandelikse pensioen wat hy/sy ontvang, by sy afsterwe met 'n bepaalde persentasie verminder, waarna die langsewende gade 'n laer maandelikse pensioen sal ontvang
Die voordeel hiervan is dat hoe groter die verlaging in die pensioen ná afsterwe, hoe hoër kan die aanvanklike maandelikse pensioen van die Annuïtant wees.

Voorbeeld:

Indien die Annuïtant kies dat die pensioen ná sy/haar afsterwe met 30% verminder, sal die langsewende gade 70% van die pensioenbedrag ontvang wat die Annuïtant op daardie stadium ontvang het.

In ruil daarvoor sal die Annuïtant vanaf die aanvang van die lyfrente 'n hoër maandelikse pensioen ontvang as wat die geval sou wees indien hy/sy gekies het dat die langsewende gade 100% van die pensioen moes ontvang.

Kortliks: 'n Hoër aanvanklike pensioen vir die Annuïtant beteken 'n laer pensioen vir die langsewende gade ná sy/haar afsterwe

Die opsie kan nie later verander word nie.

- By die **Inkomste met Kapitaalbehoud Lyfrente** kan die Annuïtant kies wat die kapitaalbedrag moet wees, wat uitbetaal aan sy begunstigde/s. Die kapitaalbedrag kan nie meer wees as die aanvanklike beleggingsbedrag nie, maar kan enige bedrag minder wees. Hoe laer die kapitaalbedrag wat gekies word, hoe hoër sal die aanvanklike maandelikse inkomste (pensioen) wees, en vice versa.

Die opsie kan nie later verander word nie.